



eduresourceza.com



Crawford

International

CRAWFORD INTERNATIONAL**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL****VOORBEREIDENDE EKSAMEN 2024****VRAESTEL 1**

Tyd: 2½ uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR:

1. Hierdie vraestel bestaan uit **21 bladsye**. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Hierdie vraestel bestaan uit **VIER AFDELINGS**:
 - Afdeling A - Leesbegrip (30 punte)
 - Afdeling B - Opsomming (10 punte)
 - Afdeling C - Gedigte (30 punte)
 - Afdeling D - Taalvaardigheid (30 punte)
 3. Beantwoord AL die vrae in jou Antwoordboek.
 4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
 5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
 6. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.
 7. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.
 8. Let op die puntetoekenning by elke vraag.
 9. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
-

AFDELING A LEESBEGRIP**VRAAG 1 INTERNETARTIKEL**

Lees die volgende artikel en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Jong man groet sosiale media: "Dit was 'n verslawing"

- 1 Gesondheidskenners meen om vir lang tye te sit, is deesdae byna net so sleg soos rook. Wat egter net so kommerwekkend is, is dít wat ons doen terwyl ons sit: ons blaai deur sosiale media terwyl die ure op die horlosie aftik.
- 2 Die *Amerikaanse Akademie vir Pediatrie* het lank reeds gewaarsku oor die potensiële negatiewe invloed van sosiale media op jong kinders en tieners. Dit sluit kuberboelies en 'n soort "Facebook-depressie" in. Dieselfde gevare geld ook vir volwassenes, sê die akademie.
- 3 Johan (Bardie) Badenhorst (32) van Gqeberha (Port Elizabeth) het besluit om sy rug op alle sosialemedia-platforms te draai toe hy besef sy geestesgesondheid ly onder die hoeveelheid tyd wat hy op sosiale media spandeer.
- 4 Bardie het op 'n stadium drie profiele op *Instagram* gehad. Sy fotoblad se naam was *@thestrangerthings*. Foto's wat hiér gedeel is, kom van ou kameras waarvan die films nooit ontwikkel is nie. "Ek het gevoel die wêreld moet dit sien," sê hy.
- 5 Bardie het argitektuur gestudeer. Tussendeur het hy meer tyd op *Instagram* spandeer. "Ek het in die lokval beland om plesier uit *likes* en volgeling te put. Dit was soos 'n verslawing."
- 6 Bardie het mettertyd al hoe meer bladsye met depressiewe aanhalings gesien. Hy het self depressief begin raak. Hy het deur 'n donker tyd gegaan en het baie stres ervaar. "Ek was aanmekaar met my foon in die hand en dit het my net hartseerder en depressiewer laat voel. Ek kon nie uit die donker wegkom nie," sê hy. "En hoe depressiewer ek was, hoe meer dinge het ek gesien wat die depressie vererger het. Dit was 'n kringloop."
- 7 Bardie vertel hy het homself ook met ander mense op sosiale media vergelyk. 'n Mens sien slegs die mooi dinge op sosiale media. Jy vergeet van die realiteit wat ander mense nie deel nie. Foto's wat nie "mooi" genoeg is nie, word nie gedeel nie.
- 8 "Ek het ook elke dag 'n klomp tyd verloor. 'n Mens sê so maklik, sjoe, maar die tyd vlieg! As jy elke dag twee tot vier uur op sosiale media spandeer, sal die tyd vir jou vlieg. Dit is wat met my gebeur het. Ek het net deur al die profiele en foto's gesit en blaai. Jy sien dalk drie foto's of video's waarvan jy hou, maar blaai dan deur dertig omdat jy glo daar is dalk iets wat jou nog meer sal interesseer.
- 9 In Mei verlede jaar het Bardie besluit genoeg is genoeg en het die *Instagram-app* op sy foon uitgevee. Hy het steeds sy profiele, maar gebruik dit nie.

- 10 "Ek kan ook nou meer tyd saam met my vriende spandeer. Om nie op sosiale media te wees nie, het wondere vir ware kommunikasie gedoen. Op 'n dag loop ek 'n ou skoolvriend raak. Nog 'n pël kom en wens my skoolvriend geluk. Ek kon opreg-nuuskierig vra hoekom? Hy en sy vrou het 'n baba verwag. Vir my was dit werklik nuwe nuus. Ek kon dus 'n opregte reaksie gee. In die verlede sou ek dalk gesê het dat ek so iets op sosiale media gelees het. Die gesprek sou kort daarna doodloop. Nou kan ek vrae vra oor sy goeie nuus. Ek kon ook sien dat dit vir my vriend lekker was om te deel."
- 11 "Ek het gedink ek gaan sukkel om sosiale media te los. Ek het ook gedink dat ek dit nodig het vir my werk. Ek het gevoel dit is 'n plek waar ek my idees kon stoor. Daar kon ek inspirasie kry oor ontwerp. Maar ek het ook besef dit is 'n manier om my verslaaf te hou aan iets wat nie goed vir my is nie. Ek is nou meer kreatief en kan vinniger met nuwe idees vorendag kom."
- 12 Bardie sê hy glo sosiale media is wat jý daarvan maak. "Dit moet jóu nie beïnvloed nie, want jy moet in staat wees om as onafhanklike, unieke individu te funksioneer," sê hy.



[Bron: Verwerk uit: Jong man groet sosiale media: 'Dit was 'n verslawing' | Maroela Media]

- 1.1 **Wat** doen baie mense as hulle vir lang tye net onaktief sit? (1)
- 1.2 Noem **EEN** potensiële negatiewe invloed wat sosiale media volgens die Amerikaanse Akademie vir Pediatrie op jongmense kan hê. (1)
- 1.3 1.3.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.
- Johan Badenhorst het sy rug op sosiale media gedraai omdat hy meer tyd saam met sy vriende wou spandeer.** (1)
- 1.3.2 Motiveer jou antwoord by vraag 1.3.1. (1)
- 1.4 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Bardie is Johan se (bynaam/voornaam). (1)
- 1.5 **Hoekom** het Bardie onontwikkelde foto's van ou kameras op Instagram gedeel? Haal **EEN SIN** as jou antwoord aan. (1)

1.6 Lees weer paragraaf 5.

Wat beteken die woord, “verslawing”? (1)

1.7 Lees weer paragraaf 6.

Wat was die gevolg van al die somber aanhalings wat Bardie op sosiale media gelees het? Gee net een gevolg. (1)

1.8 Lees weer paragraaf 10.


Sê in jou **eie woorde** wat die **grootste voordeel** is as 'n mens nie jou lewe deur sosiale media laat oorneem nie. (1)

1.9 Lees weer paragraaf 12.

Stem jy saam met Bardie dat 'n mens meer kreatief sonder sosiale media kan wees? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
[10]

VRAAG 2 VISUELE BEGRIP - INFOGRAFIEK

Bestudeer die onderstaande infografiek en beantwoord die vrae wat daarop volg in jou eie woorde.



[Bron: Netwerk 24-grafika]

- 2.1 Watter **woord** op die grafiek beteken dieselfde as grootste gunsteling onder die sosiale platforms? (1)
- 2.2 Bestudeer ál die sosiale platforms wat op hierdie grafiek gebruik is. **Hoeveel** platforms is vir hierdie grafiek gebruik? (1)
- 2.3 2.3.1 Watter sosiale platform word die **meeste** deur Suid-Afrikaners gebruik? (1)
- 2.3.2 Watter **persentasie** Suid-Afrikaners gebruik dié platform wat as antwoord op vraag 2.3.1 gegee is? (1)
- 2.4 **Hoekom**, dink jy, gebruik méér mense Facebook as Instagram? (1)
- 2.5 2.5.1 Watter sosiale media-platform gebruik jy die meeste? (1)
- 2.5.2 Hoekom verkies jy hierdie platform (Antwoord by vraag 2.5.1)? (1)

2.6 Bestudeer die tyd wat Suid-Afrikaners op die internet bestee.

2.6.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

Die persentasies op die grafiek dui op alle Suid-Afrikaners se gebruik van die internet.

2.6.2 Motiveer jou antwoord by Vraag 2.6.1 deur 'n sin uit die grafiek aan te haal. (1)

2.7 Hoekom, dink jy, spandeer mense so baie tyd op die internet? **Begin jou antwoord só: Mense spandeer baie tyd op die internet, want ...** (1)
[10]

eduresourceza.com

VRAAG 3 VISUELE BEGRIP – SPOTPRENT

Bestudeer die spotprent hieronder. Beantwoord dan die vrae wat volg.



Bron: Beeld, 19 Januarie 2024]

- 3.1 Wat impliseer die pa as hy sê dat Buks 'n *gap*-jaar in matriek geneem het? (1)
- 3.2 Hoe weet ons die pa verwys na die 2024-matriekuitslae? (1)
- 3.3 **Bestudeer Buks se gesigsuitdrukking.**
- 3.3.1 Watter visuele leidrade sê vir ons dat hy nie bekommerd is oor sy swak uitslae nie? Noem TWEE leidrade. (2)
- 3.4 **Bestudeer Buks se liggaamstaal.**
- 3.4.1 Noem TWEE visuele leidrade wat wys dat hy nog steeds lekker ontspan. (2)
- 3.5 In watter vertrek vind hierdie gesprek tussen Buks en sy pa plaas? (1)
- 3.6 **Bestudeer weer die vertrek.**
- 3.6.1 Noem TWEE dinge wat Buks gedoen het toe hy nie geleer het nie. (2)
- 3.7 **Vul die ontbrekende woord in.**
- 3.7.1 Die pa lees uit 'n ... (1)

[10]

AFDELING B

OPSOMMING

VRAAG 4

OPLOSSINGS VIR DINGE WAT ONS DOMMER MAAK



[Bron: Geskep met Imagine]

Som vyf **tegnologiese aspekte** wat ons “dommer” maak, asook die **oplossings** daarvoor in vyf punte op.

Onthou:

- Moenie die sinne direk uit die teks **aanhaal** nie.
- Elkeen van die vyf punte moet 'n **aspek** en 'n **oplossing** bevat.
- **Elke punt** mag uit **een of twee sinne** bestaan.
- Laat 'n **reël oop** ná elke punt.
- Jou opsomming mag nie minder as **60 woorde** of meer as **80 woorde** lank wees nie.
- Skryf die **woordtelling** aan die einde neer.
- Trek 'n streep deur jou beplanning.

BLAAI OM VIR DIE ARTIKEL.

Dinge wat jou dom maak.***Wat is die oplossings daarvoor?***

Slegs twee dekades gelede het ons in 'n wêreld sonder Google Maps of Instagram geleef. Tegnologie het die lewe makliker gemaak, maar maak dié gerief ons dalk bietjie dommer? Hier is 'n paar van die grootste oortreders (culprits).

Kitsmodes in plaas daarvan om dit self te doen – Om jou eie klere te maak of iets te herstel, was voorheen 'n belangrike vaardigheid. Goedkoop kitsmodes beteken dat dit nie meer 'n koste-effektiewe alternatief is nie. Leer 'n vaardigheid aan soos om te hekel of om jou klere self reg te maak in plaas daarvan om 'n nuwe item te koop.

Om alles te **Google** – Met soveel inligting op die punte van ons vingers hoef ons niks meer te onthou nie. Ons vermoë om inligting te onthou, neem af. Die meeste mense ken nie eens meer hulle eie selffoonnommers of vriende se adresse nie. Leer 'n nuwe taal aan, lees boeke of speel geheuespeletjies.

Om **GPS** vir 'n padkaart te gebruik – Voor digitale padkaarte moes mense op hulle sin vir rigting staatmaak. Nou weet baie mense nie waar is noord of suid sonder om *Google Maps* te gebruik nie. Soek die adres op voor jy ry en memoriseer die stappe.

Sosiale media – Die gemiddelde gebruiker spandeer 2.5 uur per dag aan sosiale media. Dit kan jou vermoë om kognitiewe take uit te voer, benadeel. Stel tydbeperkings vir jouself op.

Kitskos en gemorskos – Besige skedules maak dat ons nie tyd het om maaltye voor te berei nie. Kitskos is die antwoord. Mense vergeet die skadelike effek van té veel sout, suiker en vet op jou brein. Eet dus gereeld 'n gesonde maaltyd.

Bron: Aangepas uit: <https://maroelamedia> 1 Februarie 2024]

10 punte

AFDELING C

POËSIE

VRAAG 5

VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

Sterrekyker

– Franci Greyling

- 1 Ek skryf 'n brief aan die man op die maan –
- 2 bladsye en bladsye vol.
- 3 Ek rol dit in 'n koker op,
- 4 bind dit aan 'n pyl
- 5 en skiet dit met 'n wilgerboog
- 6 dat dit hoog die lug inseil.
- 7 Ek sien hoe dit deur die sterre trek
- 8 en om die maan gaan draai
- 9 en al verder deur die donker lug
- 10 'n duisend briewe saai.
- 11 Nou wonder ek
- 12 – en wonder jy? –
- 13 het hy ooit sy pos gekry,
- 14 of sou daar iemand anders wees
- 15 wat al dié briewe dalk nou lees?



[Bron: www.google.com]

[Bron: Toulopers: Verse vir Tiener's – saamgestel deur J Jacobs, Lapa 2011]

5.1 “**Ek skryf 'n brief aan die man op die maan**”

5.1.1 **Waarom skryf** die spreker spesifiek 'n brief om met die man op die maan te kommunikeer? (1)

5.2 **Watter tegniek** gebruik die digter in reël twee om die idee van 'n hart vol geheime te versterk? (1)

5.3 Haal 'n **WOORD** uit die gedig aan wat vir die leser suggereer dat die spreker die brief graag wou beskerm. (1)

5.4 **Vul die ontbrekende woorde in.**

Die spreker gebruik 'n 5.4.1 _____ en 'n 5.4.2 _____ om die brief tot by die man op die maan te skiet. (2)

5.5 Kies die **korrekte antwoord**. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.

Die wilgerboom se takke word effektief aangewend want dit is buigbaar en verwys ook na die spreker se _____.

- A vreugde
- B opgewondenheid
- C hoop
- D tevredenheid (1)

5.6 Van **watter sintuig** maak die spreker gebruik om die reis van die brief te volg? (1)

5.7 **Watter** stylfiguur word in **reël 8** gebruik om die stadige aksie van die brief te weerspieël? (1)

5.8 **Hoe** word die spreker by die spreker se aksies/keuses betrek? (1)

5.9 **Waarom** is daar 'n aksentteken op die woord "dié" in reël 15? (1)
[10]


VRAAG 6

VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

"Mamma" kan ek nie sê nie – Jelleke Wierenga

- 1 Ek onthou die engel
- 2 het my van die rand
- 3 van wik en weeg
- 4 afgeskop in jou in
- 5 onmoontlik sê hulle
- 6 om te weet
- 7 van voor tyd se tyd
- 8 maar ek het geweet
- 9 wat ek nou weet:
- 10 as jy na my kyk
- 11 is ek nie
- 12 in jou oë nie.



[Bron: www.google.com]

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners – saamgestel deur J Jacobs, Lapa 2011]

- 6.1 Watter **TWEE** tegnieke word gebruik om die woord, "Mamma" uit te hef? (2)
- 6.2 Watter **EEN** woord in reël 1 impliseer dat die kind voor geboorte sekere kennis gehad het? (1)
- 6.3 **Kies die korrekte antwoord tussen hakies.**
 - 6.3.1 Reël 1 impliseer dat daar 'n (hemelse wese /donker wese/dokter) betrokke by die ma se swangerskap was. (1)
- 6.4 Haal 'n **versreël** uit die gedig aan wat onsekerheid aandui. (1)
- 6.5 Verwys na strofe 2.
 - 6.5.1 Wat is die **funksie** van die alleenplasing in strofe 2? (1)
- 6.6 **Wat**, volgens die "hulle" in reël 5, is onmoontlik vir die spreker om te weet? (1)
- 6.7 Waarna verwys die woorde, "**voor tyd se tyd**." (1)

6.8 Haal 'n **versreël** aan wat die wending in die gedig aandui. (1)

6.9 **Wie** is die aangesprokene in hierdie gedig? (1)

[10]

eduresourceza.com

VRAAG 7

ONGESIENE GEDIG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

As die son verdwyn - Mossie

- 1 As die son verdwyn
- 2 Begin die nag se skyn
- 3 En die aand se skadus grynsag donker grou
- 4 Dan wonder ek hoe dit gaan met jou
- 5 Wonder ek of jy veilig is
- 6 En of jy my ook mis
- 7 As die nag die lig kom steel
- 8 Wil ek so graag die donker met jou deel
- 9 Want in die nag se donker skadus
- 10 Skuil 'n groot gevaar
- 11 in die vorm van verlange wat ek ervaar
- 12 Wat dreig om my in te sluk
- 13 Stuk vir stuk...
- 14 As die son verdwyn
- 15 Begin die nag se skyn
- 16 En die aand se skadus grynsag donker grou
- 17 Dis dan wanneer alles in my uitroep na jou.



[Bron: www.pinterest .com]

[Bron: www.google.com]

- 7.1 Benoem die **rympatroon** wat in hierdie gedig voorkom. (1)
- 7.2 **Waar** verwys die “nag se skyn” in reël 2? (1)
- 7.3 Noem **EEN** ding waaroor die spreker onseker is. (1)
- 7.4 Haal 'n voorbeeld van **personifikasie** uit die gedig aan. (1)
- 7.5 Haal **TWEE WOORDE** uit strofe 1 en 2 wat met mekaar kontrasteer. (1)
- 7.6 **Waarom**, dink jy, wil die spreker die donker met sy geliefde deel? (1)
- 7.7 Wat, volgens die gedig, word deur die donker **versteek**? (1)
- 7.8 Strofe 3 bestaan uit 5 reëls.
 - 7.8.1 Wat word 'n **strofe van 5** reëls genoem? (1)
- 7.9 Wat is die **funksie** van die ellips in reël 13? (1)

- 7.10 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter in jou Antwoordboek neer.

Reël 17 bevat 'n voorbeeld van _____.

- A vergelyking
- B hiperbool
- C alliterasie
- D ironie

(1)
[10]

30 punte

eduresourceza.com

AFDELING D TAALVAARDIGHEID**VRAAG 8 SINSTRUKTURE**

Bestudeer die prent hieronder. Herskryf die sinne soos aangedui.



[Bron: <https://www.linkedin.com>]

8.1 Open AI stel ChatGPT aan die wêreld voor.

In Desember 2022... (1)

8.2 Kunsmatige Intelligensie moet oplossings vir probleme vind om die mens te help.

Kunsmatige Intelligensie behoort... (1)

8.3 Maatskappye moet Kunsmatige Intelligensie gebruik wanneer hulle akkuraat wil werk.

Verlede maand... (2)

8.4 Het jy al ooit ChatGPT vir huiswerk gebruik?

Nee,... (1)

8.5 Die onderwyseres sê: Ek wil nie tekens van Kunsmatige Intelligensie in die opdragte sien nie”.

Die onderwyseres sê dat... (1)

- 8.6 Die onderwysers waarsku studente teen die onnodige gebruik van ChatGPT. Hulle gebruik dit nog.

AI... (1)

- 8.7 Die meisie vra: "Watter Kunsmatige Intelligensie-toep is die beste op die mark?"

Die meisie vra (1)

- 8.8 'n Paar studente gaan vanjaar verskillende KI-toeps toets.

Verskillende KI-toeps... (1)

- 8.9 Studente raak lui, want hulle kry inligting baie maklik in die hande.

Studente raak lui omdat... (1)

- 8.10 My pa se maatskappy koop 'n KI-toep om die besigheid te verbeter.

Volgende maand... (1)

- 8.11 Die man is 'n kenner in die KI-veld. Ek praat met die man.

Die man met wie... (1)


[12]

VRAAG 9

WOORDSTRUKTURE

Lees die paragrawe wat op die prent gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word.

Skryf die nommer en die antwoord ONDER MEKAAR in jou Antwoordboek neer.



[Bron: <https://www.amazon.com>]

Dit word **9.1 (makliker – gee die teenoorgestelde woord)** om 'n gesonde gewig te handhaaf. Mense **9.2 (lei / lui / ly – kies die korrekte woord)** onder ernstige siektes as gevolg van vetsug. Sommige mense het al meer as **9.3 (14 – skryf in woorde uit)** eetplanne probeer. Daarom is **9.4 (talle – gee 'n sinoniem)** mense heeltyd op soek **9.5 (___ - gee die korrekte voorsetsel)** die beste manier om gewig te verloor, sodat hulle gesonde **9.6 (lewe – gee die meervoud)** kan lei. Gelukkig bied Kunsmatige Intelligensie

9.7 (help/hulp – kies die korrekte woord) aan dié mense **9.8 (– vul die ontbrekende woord in)** 10 kilogram in twee weke te verloor. Die eerste **9.9 (hfst. – skryf die afkorting uit)** verduidelik hoe die KI-dieet werk. Die KI-dieet stel voor dat die **9.10 (key – gee die Afrikaanse woord)** tot blywende gewigsverlies 'n verandering aan 'n mens se lewe is. Die program sal ook mense help om die klein **9.11 (uitdagings – gee die verkleinwoord)** te hanteer.

Kunsmatige Intelligensie in die moderne eeu is een van die **9.12 (kragtig – gee die oortreffende trap)** instrumente op die gewigsverlies-reis. Volgens die program moet mense **9.13 (min – gee die vergrotende trap)** kosse met 'n **9.14 (hoog – gee die korrekte vorm van die woord)** GI-indeks eet. Nogtans, bly kosse van alle kosgroepe **9.15 (baie belangrik – gee die intensiewe vorm)** om 'n **9.16 (balanseer – gee die verlede deelwoord)** dieet te volg.

[8]

VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- Kyk na die prentjie en lees die inligting hieronder deur.
- Voer die instruksies, wat by elke denkbildige situasie gevra word, uit.
- Skryf elke keer die woorde neer van wat **jy dink** die persoon in dié situasie sou sê.
- Jy mag **nie** die vetgedrukte woorde in jou sin herhaal **nie**.
- Elke respons wat jy skryf moet **15–20 woorde** lank wees.
- Skryf elke antwoord se woordtelling neer.

Vyf Graad 12 studente bespreek hul vakansieplanne ná die matriekeksamens.



[Bron: www.google.com]

- 10.1 Die seun (A) vertel **opgewonde** vir sy vriende oor sy **opwindende idee** vir die komende vakansie. Hy sê ook **waarom** sy idee 'n goeie voorstel is. (2)
- 10.2 Die meisie (B) is **gelukkig** met die voorstel. Sy sê ook **waarom** sy so baie van die idee hou en hoe hierdie reis hulle almal sal **bevoordeel**. (2)
- 10.3 Die meisie (C) is **teleurgesteld** en dink die idee is **onrealisties**. Sy sê die idee klink duur. Sy **vra** ook hoe hulle die **geld** in die hande gaan kry om vir alles te betaal. (2)

10.4 Die seun (D) is **nie bekommerd nie** en gee vir hulle 'n oplossing om die geld in die hande te kry. Skryf sy **spesifieke idee** neer. Hy sê ook **wie** hulle kan help om alles deeglik te beplan. (2)

10.5 Die meisie (E) is **gefrustreerd** omdat niemand vir háár idees gevra het nie. Wat sê sy vir hulle oor die **tipe vriende** wat hulle is. Sy sê ook wat hulle kan **doen** om haar in die beplanning **in te sluit**. (2)
[10]

30 punte

Totaal:100 punte